Finansiële Oplossings vir Besigheidseienaars

Sanlam

SIEKTEVERLOF TYDENS JAARLIKSE VERLOF

Vraag: Indien 'n werknemer tydens sy of haar jaarlikse verlof siek word, of beseer word, moet die werknemer betaalde siekteverlof ontvang? Of moet die jaarlikse verlof waarop die werknemer geregtig is, verleng word?

Antwoord: Nee, die werknemer is nie op enige bykomende betaling geregtig nie, en kry ook nie ekstra verlofdae vir die dae waarop hy of sy siek was nie.

Kort verduideliking: Daar word wyd geglo dat 'n werknemer op betaling vir afwesigheid weens siekte of besering tydens die jaarlikse verlof geregtig is. Dit is nie die geval nie. Artikel 22(5)(a) van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes van 1997 bepaal dat 'n werkgewer die werknemer vir 'n dag se siekteverlof die loon moet betaal wat die werknemer gewoonlik vir werk op daardie dag sou ontvang. Dit beteken dat siekteverlofaanspraak slegs onder omstandighede kan voorkom waar die werknemer sou gewerk het, as hy of sy nie siek of beseer was nie. Daar word nie van 'n werknemer met jaarlikse verlof vereis om tydens daardie tydperk te werk nie. Hy of sy is dus nie op betaalde siekteverlof geregtig nie.

Artikel geskryf deur Jan Truter van www.labourwise.co.za